*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 82.] CAPE TOWN, 5TH APRIL, 1972. KAAPSTAD, 5 APRIL 1972. [No. 3459.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 557. 5th April, 1972.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 17 of 1972: Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Amendment Act, 1972.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 557. 5 April 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 17 van 1972: Wysigingswet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wet No. 17, 1972

WYSIGINGSWET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1972.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947, ten einde daardie Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 23 *Maart* 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 36 van 1947, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 28 van 1961 en artikel 1 van Wet 60 van 1970.

**1.** Artikel 1 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur voor die omskrywing van „verkoop" die volgende omskrywing in te voeg:

„,Republiek' ook die gebied Suidwes-Afrika;".

Wysiging van artikel 16 van Wet 36 van 1947 soos gewysig deur artikel 37 van Wet 28 van 1961.

**2.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Beampte van die Departement van Doeane en Aksyns wat deur die Sekretaris van Doeane en Aksyns daartoe gemagtig is, kan enige hoeveelheid boerderybenodigdhede wat by 'n hawe of plek in die Republiek geland word of deur so 'n hawe of plek ingevoer word, aanhou en monsters daarvan neem.".

Invoeging van artikel 24 in Wet 36 van 1947.

**3.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 23 ingevoeg:

„Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika. **24.** Hierdie Wet en 'n wysiging daarvan is ook op die gebied Suidwes-Afrika met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing.".

Herroeping van Ordonnansie 15 van 1930 van Suidwes-Afrika.

**4.** Die Misstowwe, Veevoedsel, Sade en Plaagmiddels Ordonnansie, 1930 (Ordonnansie No. 15 van 1930), van die gebied Suidwes-Afrika word hierby herroep.

Kort titel en inwerkingtreding.

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1972, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947, so as to apply that Act to the territory of South-West Africa; and to provide for incidental matters.**

(*English text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 23rd March*, 1972.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 36 of 1947, as amended by section 32 of Act 28 of 1961 and section 1 of Act 60 of 1970.

**1.** Section 1 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after the definition of "prescribed" of the following definition:

"'Republic' includes the territory of South-West Africa;".

Amendment of section 16 of Act 36 of 1947 as amended by section 37 of Act 28 of 1961.

**2.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any officer of the Department of Customs and Excise authorized thereto by the Secretary for Customs and Excise may detain any quantity of farming requisites landed at or imported through any port or place in the Republic, and may take samples thereof.".

Insertion of section 24 in Act 36 of 1947.

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 23:

"Application of Act to South-West Africa.

**24.** This Act and any amendment thereof shall apply also to the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.".

Repeal of Ordinance 15 of 1930 of South-West Africa.

**4.** The Fertilisers, Farm Foods, Seeds and Pest Remedies Ordinance, 1930 (Ordinance No. 15 of 1930), of the territory of South-West Africa is hereby repealed.

Short title and commencement.

**5.** This Act shall be called the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Amendment Act, 1972, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.